






GROETNIS UIT DIE KGALAGADI NASIONALE PARK



Groetnis aan almal van die Fissers. 1ste week van ons toer al weer iets van die verlede en het reeds in Springbok aangekom vir blomme kyk. Sover 2600km afgelê. Gelukkig die afgelope groot reën misgeloop, en dae vorentoe lyk redelik sonnig. Hieroor in 'n volgende episode. Dis vir ons altyd 'n lekker geleentheid om met ons vriende en familie die mooi dinge wat ons beleef te deel. Hoop dis reg so met julle.

Dit was ons eerste besoek aan die Kgalagadi gewees. Voorwaar 'n belewenis wat jy persoonlik moet beleef om te waardeer. Omdat jy meeste van die tyd langs 'n droë rivierbedding ry is die veld mooi oop. Rooi duine versier die kante. Sommer tydens die eerste trippie ons eerste én laaste twee leeus gesien. Nogal gewonder waar die ander 698 is wat in die park rond dwaal. Darem op die laaste dag van ons verblyf drie jagluiperds op 'n rooi duin gekry. Dit was voorwaar een van my groot ideale gewees wat waar geword het. Delene en ek geniet ons karavaan terdeë en kamp nou regtig stylvol. Gelukkig het ons elektrise komberse én 'n verwamer om te help as die temperatuur na -4° sak. En dan kry ek elke aand 'n lekker Cuppoccino en Delene 'n beker warm sjokolade ook. Sal maar 'moeilik' gaan as ons weer terug is by die huis.

En nou so 'n ietsie van ons wedervaringe tot dusver. Vir my is dit die maklikste deur middel van 'n klompie fotos. Lekker kyk en groetnis tot 'n volgende 'Groetnis briefie'.



Spitskop naby Upington - Delene tot bo 'geforseer' maar dit was darem die moeite werd!



Blouwildebeeste



Baie gemsbokke gesien. Pragtige diere voorwaar



Springbokke het ons goed vermaak.



Jakkalse was 'n gereelde gesig.



As 'n Swartkopreier in die kalahari in 'n watergat sit sonder vis en sonder paddas moet hy êrens sy kos gaan soek - voëltjies! Maar die goed is vinnig én vermakerig ook. So wag ons vir meer as 'n halfuur dat dit moet gebeur maar.....




.....toe kom daar 'n vervlakste jakkals wat alles bederf. Miskien 'n volgende keer.



Swaelsterbyvreter en 'n gompou



Duiwe is beslis nie 'n bedreigde spesie nie, en blykbaar immuun teen bye ook.



Swartborsslangarend met slang en 'n volstruiswyfie wat die wêreld uit 'n ander hoek wil bekyk.



Die enigste twee leeuus ooit gesien.



Drie jagluiperds - pragtig op die duin.

Nog baie ander diere en dinge gesien maar ek volstaan hierby.

Groetnis tot 'n volgende keer.

Wim en Delene

GROETNIS UIT AUGRABIES NASIONALE PARK EN SPRINGBOK OMGEWING



Dagsê almal,

Toe ek nou die dag aan Derek Pearman, 'n fotokennis en een van my hoogs gewaardeerde fotografie mentors, vertel dat Delene elke dag se wedervaringe teken én verf (foto bo), was sy onmiddellike opmerking: "*Mens het so 'n back-up memory card nodig as jy 'n Canon gebruik*". Derek is 'n Nikon man en 'n uiters bekwame fotograaf. Ek het baie by hom geleer en sal hom altyd dankbaar bly daarvoor. Maar hy sal maar altyd iets te sê hê oor my Canon. Ek het ook besluit om die fotos effens groter te maak - makliker om te sien maar ongelukkig verder af om te sien.

Met al die opwinding van die Kgalagadi agter die rug het ons by die Augrabies Nasionale Park uitgekom. Waterval nie so groot nie maar nog steeds mooi om te aanskou. Daar is seker nie nog 'n plek in ons land met so baie rotse nie - Ons noem dit 'God se spesiale rots tuin'. Orals in die park is die mooiste uitsigte veral tydens die oggend son. Die kamp area is netjies en die restaurant is puik - seker oor dit privaat bedryf word. Die grassies en rots skeure is 'n fotografiese belewenis. Hieronder 'n paar fotos by Augrabies.



Mooi uitsig oor die vallei



Die Augrabies waterval - nou heelwat kleiner as wanneer die rivier in vloed is.



Van die rotsformasies in die gebied.



Op die 'maanrots' - Ek het die maan bietjie afgebring..... lyk net beter!

En nou uiteindelik....die blomme roete

Die Springbok omgewing het beslis minder maar nog steeds mooi blom vertonings opgelewer. Om blomme van nader af te neem moet jy op die grond lê want dit is wanneer jy die mooi begin raak sien. As iemand ooit sou twyfel of daar 'n lewende God bestaan moet hy hierdie blommeprag kom aanskou. net God kon hierdie wonderwerke skep. Mens moenie haastig verby ry nie. Klim uit, sak af en kyk na die enkel blom patrone en vorms - dis ongelooflik mooi. Onderstaande fotos is maar enkele grepe uit ons ervaring. Ons deel dit graag met julle - moet my net nie die name vra nie, want ek weet nie.

Nababeep:







SKILPAD deel in NAMAKWA PARK:

Soos gewoonlik was hierdie gedeelte weer 'n wenresep vir mooi blomme en verskeidenheid en beslis kreatiwiteit. Die park lê sowat 85km vanaf Springbok af, naby Kammieskroon. Lekker op die grond rondgekrui om blomme van naby te fotografeer. Delene het ook weer van die geleentheid benut om 'n mooi toneel vas te vang met pen en waterverf.





Blomme, blomme en nogmaals blomme




'n Eenkant plekkie



Verskillende soorte bymekaar




Enkel tussen die massas.





Nog 'n interessante waarneming wat ons gemaak het is dat nadat die onderstaande blom klaar geblom het, daar klein wit nuwe blommetjies uit die kern uitkom.





Sien julle die stuifmeel bedekte gogga?


Ons laaste besoekpunt vir hierdie epos is....

GOEGAP NATUUR RESERVAAT (naby SPRINGBOK)

Dis 'n mooi park met 'n roete van sowat 17km tussen die blom areas deur. mooi berge dien as agtergrond. Paadjie is maar nou dus moet jy mooi beplan waar om te stop as jy uit jou motor wil uitklim - nie almal wil naby fotos afneem nie, en baie mense ry om te kyk en so gou moontlik weer erens anders heen te ry, en hulle moet verby jou motor kan ry. Hieronder 'n paar momente in die Goegap park.








Ek noem hierdie blomme somer 'balletjie blomme'

Onderstaande foto verduidelik die blom siklus baie mooi





More gaan ons verder na Vredendal toe. Die weer lyk goed en ons hoop om weereens mooi prentjies te kan waarneem. Weet ook nie wanneer ek sein het om 'n epos uit te stuur nie.

Groetnis,

Wim en Delene

GROETNIS UIT DIE WESKAAP (BLOMMELAND)



Dagsê almal,

Ons is so bly dat ons na die groot reën hier aangekom het. Orals is waterpoele en van die plaaspaaie waarop ons gery het was bae modderig. Maar as die son eers uitkom is die blommetjies weer mooi. Oppad Vredendal toe (ons volgende bestemming) moes ons eers 'n draai gaan maak by Peet en Elsa van Kuiervreugde, 'n koffiewinkel en inligting verskaffer in Kammieskroon. Voor in die winkel is 'n lang tafel en twee vierkantige tafels. Agter is 'n klomp selfgemaakte goed wat jy kan koop, goed soos 'n geverfde ronde klip waarop staan "*Please turn me over*" wat jy nie anders kan as om te doen nie. Aan die anderkant van die klip staan dan "*thank you*". Nodeloos om te sê dat dié klip saam gaan ry tot by die huis. Die stoele in die plekkie is feitlik nie een dieselfde nie en jy gaan sit waar jy plek kry. Maar dis waar die grootgesels met die 'locals' begin. Hier hoor jy die stories van die omgewing en van mense se kinderjare lank gelede - kan ook liegstories wees, maar wie gee om. Ons moet in elk geval kuier tot die blomme oopmaak. Hier eet jy jaffels met springbokvleis en drink jy Peet se eie brousel koffie. Niemand is haastig nie. Ek kan dus nie anders as om hierdie epos te begin met 'n foto van Kuiervreugde se interessante welkom tuintjie nie. (*Het die bordjies met slagspreuke vergroot om dit beter te kan lees*).



'n Gewoonte wat ons aangeleer het is om 'n klip uit die omgewing waar ons tyd deurgebring het saam te vat huis toe. Hierdie klippe word dan op ons voorstoep saam met die ander gestapel om ons te herinner waar ons was. Dis Delene se taak om te onthou waar ons die klip opgetel het - ek beheer die klipgrootte voor dit ingepak word om saam huis toe te gaan. Vrouens verstaan nie altyd die verhouding tussen grootte en gewig nie.

Vir ons bly dit steeds 'n belewenis om tussen die pragtige blomme te mag ry. Mens sou graag orals wil stop om die blomme van naby te bekyk en af te neem, maar dan kom jy nie by jou volgende bestemming uit nie. Hierdie bestemming was Onderhoek, 'n wynplaas net buite Vredendal. Die kampplekkie is 'n kleinerige grasbedekte area met twee Wendy huis badkamertjies en verskriklike warm water. Drie skaaphonde en agt drie-week-oue klein hondjies. Skaaphonde is wakker honde. Mens kan nie eers in die nag gou by 'n boompie piepie nie (die badkamers is te ver in die donker nag) of hulle kom aangehuppel om te groet. Die kaapse gasvryheid het selfs die honde aangesteek.



Van ons plaaskampeplekkie het ons elke dag kon uitry na Nieuwoudtville toe om blomme te gaan kyk. Om daar te kom moet jy elke keer oor die Vanrynsplas (hieronder) gaan wat baie styl is maar pragtige uitsigte bied.



Dit bring jou bo op die plato vanwaar jy na die verskillende areas toe kan ry. Wat ons beleef het kan nie regtig met fotos uitgedruk word nie maar dis al medium tot my beskikking. Hieronder 'n paar fotos van ons belewenis in Nieuwoudtville omgewing.



Kyk hoe besonder is die kerndeel van die blomme.




Ek wou graag 'n 'beetle daisy' (bo) van naby sien omdat dit 'n baie besondere blom is. So genoem omdat die kolle op die blare baie soos 'n kewer lyk maar ook vir die volgende rede, en ek haal aan:

"A South African daisy has been caught playing a seductive trick: It attracts male flies into trying to mate with special spots on its petals, sprinkling the flies with pollen in the heat of the moment. This finding by two ecologists in South Africa makes the daisy the only "sexually deceptive" plant known outside of orchids".

Sorry, nie 'n blom met 'n vlieg gevind om bogenoemde punt te bewys nie - net een met 'n kewer.

Dansky my makrolens kon ek lekker infokus op die kern dele van die blomme. Dis waar die mooi rêrig begin. Saam met die makro fotos ook 'n klompie ander - meeste sonder kommentaar. Geniet dit net.







Eenkant oranje blomme om die rustige prentjie af te rond



Wit gousblomme sover as die oog kan sien. Sommige areas was so dig begroei dat dit net sowel sneeu kon wees.





'Survivor' - hoe lank sal dit vat voor hierdie blom platgery gaan word?



Net om te sê ons kamp nog lekker!

Groetnis tot 'n volgende keer vanuit Langebaan omgewing waar die wind lekker waai en dit reën - sleg vir blomme kyk!.

Wim en Delene



GROETNIS UIT DIE WESKAAP (EINDE VAN BLOMME ROETE)

Dagsê almal,

Die Weskaap se afgelope koue, nat en winderige toestande het ook sy effek op ons toerplanne gehad - selfs die sneeu by Kammieskroon en omgewing sowaar net-net gemis. Nina van Onderhoek in Vredendal stuur vir my hierdie twee fotos.



Moes ook ons verblyf by Langebaan verleng en kon weens die weer nie veel tyd aan blommekyk spandeer nie. Blomme maak nie oop nie en dis wanneer die verkeerde redes vir spandeer 'n aanvang neem....'n besoek aan 'n kunswinkel.....verkeerd, verkeerd, verkeerd.....te laat! en die eienaar was nie té ongelukkig oor ons besoek nie. Heelwat tyd dus in karavaan deurgebring omdat dit te onplesierig buite was - gelukkig goedjies gehad om ons mee besig te hou (danksy die kunswinkel besoek natuurlik). Die goue reël in die Weskaap "*As die son skyn ry jy, en as dit totaal bewolk is bly jy*". Sien wolkmassa oor Langebaan wat oppad is hieronder.



Gelukkig was die Fynbosskou in Hopefield aan die gang en kon ons gaan kyk. Mense het baie moeite gedoen om die fynbos van die omgewing deur middel van 'n pragtige uitstalling uit te beeld. Ons kon ook van die afrikaanse noemname bekijk. Lekker geeë ook (spaar ons 'n kosmaak in die koue!) Rys met

waterblommetjebredie bo-op, skaapskenkel pastei en groente afgerond met 'n lekker 'basaar' tipe poeding. Hieronder 'n ietsie oor die uitstalling.




Ons was twee keer in die **Weskuspark** gewees maar kon nie al die blomme mooi oop sien nie. Die omgewing is egter mooi en jy kan ver oor die see uitkyk. Daar is ook 'n verskeidenheid bokke en volstruise te sien.





Toe **Darling** toe. Daar moes ons ook maar tevrede wees met half oop blomme. Die aarde is baie nat en jy kan nie orals ry nie. Tog is daar altyd iets moois om af te neem - veral dié blomme wat hulle nie deur die weer laat voorsê nie.



Nog 'n "eg afrikaanse" ervaring was 'n kuiertjie by Evita se perron. Hier luister jy na 'Bolandse nooientjie' en 'O boereplaas' en vele ander ou FAK sangbundel liedjies (arme kelners!) Daar is ook baie skilderye uit die vroeëre jare tesame met die nodige politieke standbeeldjies soos net Pieter Dirk Uys dit kan uitbeeld. Dan natuurlik sy eie tong-in-die-kies namaak skilderye wat orals rond hang. Orals is plastiek blomme ingedruk - in die tuin ook. Skerp humor voorwaar.

En toe uiteindelik **Goudini Spa** toe (naby Worcester). Ons is net na 5.00 vm uit Langebaan om die nodige 200km so gou moontlik af te lê. By die Spa die karavaan afgehaak en net na 9.30 Bredasdorp toe gery (nog 200km) net om te gaan kyk na dié dorp se eerste 'Cape Floral Kingdom Expo' wat dié dag tot 'n einde kom. Hierdie uitstalling was werklik die moeite werd (spoedkaartjies ingesluit indien ek enige sou ontvang, want die skou maak mos klaar!). Die kaapse gedagte van 'baie besoekers' beteken eintlik nie baie volgens Gauteng standarde nie. Daar was genoeg parkeerplek en by die kosstalletjies wag niemand in 'n tou nie.

Hierdie uitstalling moet beslis weer plaasvind - dis ongelooflik mooi. Ons het so baie veldblomme gesien - voorwaar 'n hoogtepunt om ons blommetoer mee af te sluit. Kyk gerus op www.capefloralkingdom.co.za vir die brosjure.



Die dame op die foto het so gelukkig gelyk met al die bosse proteas wat sy gekoop het - ek moes haar vra om te staan vir 'n foto. Nee, ek het nie vir Delene blomme gekoop nie - ek trek 'n 'Bachelor flatjie' nie 'n drie slaapkamer huis nie, onthou!


Vriendin René vertel dat 75% van die wêreld se plantspesies in die Weskaap voorkom. Ek moes dus gou op internet gaan loer.

In kort:

- Fynbos, wat voorkom in 'n 100 tot 200km wye kus strook wat strek van Clanwilliam tot Port Elizabeth, vorm deel van die "Cape Floral Kingdom".
- Omtrent 600 Erikas kom in hierdie area voor, terwyl twee tot drie dosyn in die res van die wêreld voorkom.
- Omtrent 8550 verskillende plant spesies word hier gevind waarvan omtrent 6000 net in hierdie area gevind word (Endemies)
- Tydens die voorbereiding (uithaal van plante) van die skou is 'n nuwe spesie ontdek wat nou 'n naam moet kry.

Hieronder 'n paar fotos van die uitstalling.





Ek sluit af met fotos van die sneeubedekte berge by Goudini Spa area en sê groetnis vir eers vanuit blommeland. Ons is nou in wynland, en nee, ek gaan nie die 'proe-roete' doen nie - is mos effens alkohol weerstandig! Hoop die weer by julle word gou beter én warmer.





Swembad water is darem warm gewees.

Groetnis,

Wim en Delene



Dagsê almal,

Sit soos gewoonlik weer dou-voor-dag voor my rekenaartjie om die volgende epos saam te stel. Kyk na al die fotos wat geneem is en bereken al die kilometers tot dusver afgelê. Kom toe agter dat ons dubbel soveel kilometers (6357) afgelê het as wat ek fotos (3245) geneem het. Sal beslis iets aan my fotografie moet doen!

Ons besoek aan **Stellenbosch** was hoofsaaklik om Delene se Tannie en ander familie te besoek. Maar die omgewing is baie mooi en ons het ook van die geleentheid gebruik gemaak om 'n draai by **Paarl** (Pêrel in die volksmond), Strand, Muisenberg etc. te gaan maak. Die taal monument moes besoek word. Fotografies is daar heelwat geleenthede. Delene het selfs haar sketsboek nader gesleep. 'n Paar feite oor hierdie monument:

- *Die gedagte om 'n monument vir die Afrikaanse taal op te rig, is op 14 Augustus 1942 geopper.*
- *In 1964 het die komitee 'n kompetisie vir die ontwerp van die monument uitgeskryf en 12 argitekte genooi om deel te neem. Volgens die opdrag moes die monument van ver af sigbaar wees en onder meer die kulturele en staatkundige opbloei van Afrikaans uitbeeld. Die ontwerp van die argitek Jan van Wijk is as wenner aangewys.*
- *Die terrein vir die monument, wes van Bretagne-rots op Paarlberg, is alreeds in 1963 gekies. In 1968 het die Paarlse munisipaliteit sowat 84 hektaar kosteloos aan die staat oorgedra.*
- *Bouwerk het laat in 1972 begin en is aan die einde van 1974 voltooi. Die totale boukoste was sowat R700 000. Die monument is in 1975, honderd jaar na die stigting van die GRA, ingewy.*



My wyehoek zoom lens het ten dele opgepak, wat beteken dat ek nie so wyd kan afneem as wat ek wil nie. Gelukkig kan fotos aanmekaar gelas word (stich) wat maar voldoende moet wees totdat die lens weer herstel word.....hopelik!

En nou 'n besoekie aand die **Aarbeiplaas**. Mens kan dit nie mis nie. Soveel gekleurde blik beelde en voëlverskrikkers. Die kunstenaar is hopelik goed betaal vir hierdie unieke uitbeeldings. Sal net 'n paar vir julle kan wys ongelukkig. Let veral op na die detail.



En dan vir ons rygby ondersteuners - in geen spesifieke orde van belangrikheid of oorheersing nie!




Soos julle weet is sport in die algemeen nie vir my 'n hoë prioriteit nie....maar goeie lekker warm brood is! Die fout wat ons maak is om by die Oude Bank se Bakkerij in Stellenbosch aan te gaan....net om te besigtig en om 'n 'broodjie' saam te neem. Was toe 'n groot fout.....



Nee, darem nie alles ons s'n nie. Vriende het ook gekry. Die konfytjies kom van die Bessieplaas af - nog 'n plek van sonde.

Moes ook gaan draai by Butterfly world wat pragtige skoelappers het wat rond vlieg- rustig rondvlieg - totdat groepe kleuterskool kindertjies saam met luidkeelse onderysersesse in die hokke losgelaat word....chaos! Ons dagkeuse was nie 'n sukses nie en die skoelappers gelukkig toe die son begin sak.



Moet darem ook vir julle wys hoe lyk Delene se eie tannie Iris afgeneem op Muisenberg se strand.....



....en hoe mooi ons kampplek in Stellenbos was.....



Oppad Hartenbos toe het ons gou gaan draai by ons vriende Werner en Hannelie op die plaas naby Greyton. Pragtige jongmense met oop harte ruimer as 'n taxi. Hier het ons lekker gekuier. Ek deel graag so 'n paar fotos met julle.



Nou wonder julle seker wat het nou geword van die wyn goete - die titel sê dan 'groetnis uit die wynland'. Wyn het ons reeds in Vredendal gekoop en wynproe.....uiters gevaarlik as jou naam Wim en Delene Fisser is. Maar die omgewing bly maar mooi. Ons groet die wynland en beweeg see se kant toe.....Hartenbos, Knysna, Stormsrivier.....dis lekker by die see!

Groetnis,

Wim en Delene



GROETNIS VANAF ADDO



Dagsê almal,


Ek verkyk my altyd na 'gadgets' wat die manne het om kampering lekkerder te maak. Ek kyk ook hoé ouens kamp - luuks of lekker eenvoudig. Sorteër ook die groepies uit wat verkies om jou nie te groet nie en die wat sommer net kom hallo sê. Maar ek bekyk ook graag die uitlegte van ablusiegeriewe in kampeerplekke, en dan begin ek wonder..... wonder hoekom die uitleg, afwerking, ens. is soos dit is.....

- Ek wonder hoekom die een netjies van grond tot dak geteël is en 'n ander een met vieslike ligblou verf wat afdop geverf is. Nie eers 'n vlieg of brommer voel welkom nie.
- Ek wonder hoekom die stort 'n deur het wat keer dat die water nie verder kan spat nie, maar dat jy net buite die deur kan aantrek met jou boude wat nie anders kan nie as om in die gang uit te steek en gevoelig word vir die koue wat verbykom.
- Ek wonder hoekom moet die warm waterkraan by die bad twee minute lank oopgedraai word sodat jy vinniger warm water in die stort kan hê.
- Ek wonder hoekom daar nie keerwalletjies in die stort is wat keer dat die water tot by die gang loop al het jy die storkop weggedraai van die deur af en hoekom matjies voorsien word wat sopnat gespat word en goeie beweging kos om nie te gly nie.
- Ek wonder hoekom daar in die mans afdeling proteas geplaas word by die ingang en hoekom RSG dag en nag uitgesaai word vanuit geïnstalleerde luidsprekers in die dak. Wie wil nou luister na politieke geblêr terwyl jy rustig oppie troontjie kan sit en dink?

Eintlik maak dit nie saak hoekom dit so is nie, en om te wonder is net lekker. Solank daar warm water is en die plekke skoongehou word, en julle die storie tot hier gelees het én hopelik verder gaan lees, is alles mos in orde.

En nou ons besoek aan **Addo Nasionale Park** - die Park van olifante! En olifante het ons gesien, elke dag, groot troppe en lekker interaksie. Ek glo die fotos sal die storie beter kan vertel as woorde.....en as ek aan olifante dink, dink ek aan Wald Disney se Jungle Book.....






Die Hapoordam is die mees populêre dam om olifante te sien én al die aksie daarmee saam - modder! Dis makliker om in te gly as om uit te klim het ons opgemerk. Hieronder die reeksie oor 'n klein, baie klein olifantjie wat in die modder ingegly het en uitgehelp word deur die groottes.



Stoot, stoot, stoot....



Amper.....



Gretige helpers kom ook by....



Amper bo!


'n Ander storie:

Sodra die trop klaar gedrink het, neem die bul.....'n groot bul.... posisie in sodat sy familie ongestoort die drinkplek kan verlaat. Die posisie wat hy inneem tussen die karre! Ons is dankbaar dat ons verweg staan, maar.....



...die volgende dag staan ons (stupid genoeg) oppie selfde plek omdat die oggendson dit so wil hê vir fotos neem. Toe ons opkyk kom 'n bul, 'n groot bul na ons motor toe aangestap. Stop by die sement blok, 2 meter van ons motor af en plaas sy slurp op die sementblok. Jy roer nie en gelukkig die olifant ook nie. Die bul lyk sommer nog groter as jy na hom kyk....'eye to eye'. Sit doodstil is die verwysings raamwerk - neem nie eers 'n foto nie want jou kar is meer werd as 'n foto in die koerant. Jy sien in jou gedagtes al die verwysende emails verby flits. Daardie emails wat wys hoe olifante op jou kar gaan sit of met sy slurp die dak induik of sommer vir die pret die kar omgooi. Dit was 'lang' 5 minute. Toe draai meneer weg na sy groepie toe. Neem toe 'n foto van sy agterstewe met die selfoon - net vir onthou. Olifante is groot....baie groot voorwaar!

Hieronder 'n paar momente wat ons beleef het:





Darem ook nie net olifante gesien nie.....





Heeltyd speelyd as jy 'n sebra is



Die eerste keer ooit wat ons twee rooikatte in 'n wildtuin sien - net een goed kon afneem.

Hierdie is ons laaste email oor ons 7 weke toer wat nou amper verby is. Volgende week is dit net herinneringe, mooi herinneringe. Ons is dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat Hy ons die hele tyd bewaar het, en dat Hy vir Delene en my saam die geleentheid gegee het om hierdie spesiale toer in Sy natuur te kon deurbring ($\pm 8300\text{km}$). Ons is ook bly dat ons met julle almal hierdie mooi herinneringe kon deel.


.....Net soos die olifante hieronder moes wegdraai van die lekker watergat en lekker modder om die pad vorentoe weer aan te pak, netso moet ons ook weer vorentoe beweeg om al die uitdagings wat voorlê te hanteer....



Groetnis, en ons sien julle as ons terug is.

Wim en Delene

NASKRIF: Gou bietjie uitgery om 'n rukkiewat by 'n watergat te gaan sit. Kom 'n ou verby om te sê dat daar 'n leeu in die pad lê 500m van waar ons is. Dit was toe so en ek moes dit met julle deel. Die Addo het dus leeus - weet net nie hoeveel nie.





Groetnis

Wim

GROETNIS VANAF DIE SEE



Dagsê almal,

Vanoggend weer uiters vroeg wakker. Dis mos wanneer die gedagtes op loop gaan. Dink toe terug aan die jare toe ons ons vakansie ervaringe op kleurskyfies (*'dias' ter verduideliking aan Nig Els en Kurt in Switzerland wat die afrikaans al hoe beter begryp*) vasgelê het. Dan, ná die vakansie, al die filmpies inhandig vir ontwikkeling - baie keer nog 'n klompie 'Super 8' rolprentjies ook. Nes jy tou opgooi - moedeloos gewag het (pos het daardie dae ook weggeraak) - is die pakkies daar! Nou die sortering en alles in volgorde pak in die magasyn - onderstebo, raampie se wit kant weg van die skerm, 40 per magasyn.... was nogal 'n groot taak. Vervolgens word familie en vriende oorgenooi vir 'n kleurskyfieaand om al die wedervaringe te kom bekyk. Dit word 'n lang aand. Mense raak maklik verveeld na die 2de groep skyfies deurgekyk is en begin oë knip, en hulle het nie 'n facebook keuse van 'like' of 'dislike' gehad nie. Sit moet jy sit tot alles verby is. Dan na die laaste skyfies deur geworstel is, is daar onder die gaste 'n duidelike sug van verligting, die vertoning is verby.....of was dit?....."Ons wil julle net gou die rolprentjies wys voor julle loop".....(*geen verdere kommentaar*).....

Dankie tog vir digitale tegnologie! Jy neem te veel fotos, 'delete' die slegtes, kies 'n klompie wat jy intrek saam met 'n digitale briefie en stuur die verslaggie na vriend en familie met die druk van 'n knoppie! Dis so lekker, en as jy tuis kom hoef niemand te vra 'hoe was die vakansie' nie - almal het dit mos saam met jou bietjie vir bietjie beleef.

Ek het met ons laaste epos nagelaat om fotos te wys van ons land se nasionale voël - die bloukraanvoël. By ons sien jy hulle mos net in dieretuine, maar in Greyton omgewing sien jy hulle in die natuur en in groot groepe. Jy sien hoe die mannetjies toertjies uithaal om die wyfies te beïndruk en hoe mooi hulle in die lug sweef.





En nou die storie by die see. Hartenbos was weereens 'n wenresep vir kampeer. Lekker bure gehad met wie ons nou en dan kon gedagtes wissel - l.w. gedagtes wissel, nie mekaar se drumpel plat trap nie! Die weer was uiters koud maar daar was darem 'n dag gewees wat Delene en ek in lekker somer klere kon aanpak. Sommer bietjie langs die see ook gewandel. Vir ons 'n groot voorreg én 'n eerste keer om 'n walvis met haar kleintjie, wat ook nie meer só klein blyk te wees nie, te sien. Hieronder 'n reeksie van die walvis wat uit die water beweeg en dan terugval.



Nog 'n bonus by Hartenbos is die groot hoeveelheid voëls naby die uitloop van die rivier in die see. Meeue, sterretjies, reiers om 'n paar te noem. in die kamp is kwikstertjies wat tot in jou karavaan inkom om krummeltjies brood te soek en baie mossies ook. Vir die twee Mullard eende is dit 'n fees. Kampeerdere voer hulle brood en sit spesiaal waterbakkies uit om dié twee eende tevrede te hou.





Voëls het ook maar hulle verskille.


Ons eerste besoek by Sanpark se Wildernis kamp, Ebb and Flow, was baie lekker. Sommer langs die Touwsrivier gekamp naby die kolganse en rietduikers se rusplekkie op die gras. Nou en dan kom 'n kano met geesdriftige roeiers verby om die omgewing te geniet.




En toe verras mamma kolgans ons met twee baba kolgansies. Sal hierdie kolgans egpaar Bonaero park toe moet stuur. Daar kry hulle sommer agt kleintjies minimum. Seker maar die Kaapse ekonomie wat druk?



Naby ons karavaan was 'n kuskoraalboom in blom. Orals suig die voëltjies nektar uit....Kaapse Glasogie, Klein-Rooibandsuikerbekkie, en vele ander....





Die mikstertbyvanger is so hans, eet sommer uit Delene se hand stukkies appel.....



Fanie Schoeman, my goeie buurman in Bonaero Park vertel my dat ek beslis in Wildernis 'n draai moet gaan maak by die 'Map of Africa'. Die Kaaimansrivier kronkel op so 'n manier dat dit amper lyk soos die kaart van Afrika. Maak toe so en ry die berg op. Van bo af het ons 'n pragtige uitsig oor die see gehad en sommer die 'Map of Africa' ook gesien. Een slimjan het besluit om 'n paar huisies vir baie miljoen aan die rivier se wal te bou met die hoop om te verkoop (rooi dakkies links bo op foto). Ondervloerse verhitting ook. Dalk nodig om die matte uit te droog as die rivier in vloed is. Selfs prys met 2 miljoen na 3 miljoen laat sak. Maar wie wil nou daar gaan koop om teen bome vas te kyk terwyl die see vir jou net anderkant die N2 wag. Hierdie plekkie sal maar leeg bly dink ek.



Die teerpad wat julle sien op linkerkant van foto is die pad na ons volgende plekkie Stormsriviermond (Tsitsikama Natuur Reservaat) waar ons ingewag was deur sterk wind, dreigende wolkemassas en rowwe see. Moes op dag twee die tent dringend afhaal weens 'n sterk wind van 48km per uur volgens die weerburo. Stormsrivier moet jy ervaar soos die gemoedstoestande van 'n vrou.....Soggens mooi weer en rustig, 12 uur die middag begin die wolke saampak. Sterk wind en reën vir die namiddag tot saans, en nes jy bed toe gaan raak dit weer rustig, maar dit bly maar 'n besondere plek om te besoek. Dis 'n plek waar die seemeeue en rietduikers meer moed as jy het om in die swembad rond te plons en waar die dassies baie naby op die rotsformasies en braai plekkies rond lê.





Dis ook 'n plek waar groot branders teen die rotse vasslaan en dan terug rol om weer met 'n slag teen die vogende aankomende golf vas te bots.



Maar dis ook 'n plek waar die mooiste groot bosse heide groei en as jy mooi kyk heelwat blomme sien.



Die paadjie na die hangbrûe is gebou met nagmaakte houtplanke. Pragtige uitsigte maak dié stappie beslis die moeite werd.



Ons sluit ons see roete af met 'n sonsondergang. Wat 'n hoogtepunt!



Groetnis,

Wim en Delene